

DISSIPELSKAP. LES 3

| | |
|---|-------|
| 1 | GEBED |
|---|-------|

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

| | |
|---|---|
| 2 | AANBIDDING (20 minute) <i>[KENMERK VAN GOD]</i> GOD IS GROOT EN MAGTIG |
|---|---|

Definisie

Lees voor. Aanbidding is:

- 'n *houding* van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskillende vorme van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding stil by één kenmerk (eienskap) van God waarvoor ons Hom aanbid.

Tema: God is groot en magtig.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

Lees Job 38:4-5 (aarde), 38:8-11 (see), 38:31-33 (sterrebeelde); Psalm 19:2-5 die uitspannel); Jesaja 40:12 (afmeting), 25-26 (die sterreruim); Romeine 1:20 (die skepping van die wêreld).

Jesaja 40:25-26, “Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? vra die Heilige. Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? Hy wat die hemelse leër laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie.”

God daag mense uit om Hom te probeer bereken en sy grootheid en mag te peil! Daar is niks op aarde wat vergelyk kan word met God se grootheid nie. Die Himalaja berge en die Stille Oseaan is almal te klein. Daar is niks in die sonnestelsel wat met God se grootheid vergelyk kan word nie. Selfs die son is te klein. Waarmee kan mense dan God se grootheid en mag vergelyk? Ons mensies ken nie iets wat groot genoeg is om God mee te vergelyk nie. Alle mense word eintlik tot swye gebring. God nooi dan die mense om op te kyk na die sterre en te dink wie hulle gemaak het. Kom ons oordink 'n paar feite oor sterre.

1. Die getal/aantal sterre.¹

In 'n wolklose donker nag, kan jou oë omtrent sesduisend sterre sien sonder 'n teleskoop. Meeste van hierdie sterre is van ons eie sterrestelsel, bekend as die Melkweg. Die Melkweg het omtrent 100 duisend miljoen sterre (100 000 000 000) (11 nulle)

Sterrekundiges maak gebruik van die sterkste teleskope en hulle bereken dat die heelal bestaan uit 10 duisend miljoen biljoen sterre (10 000 000 000 000 000 000 000) (22 nulle) en omtrent 100 duisend miljoen sterrestelsels (100 000 000 000) (11 nulle).

Die getal sterre in die heelal is so omvangryk dat geen mens dit in sy lewe sal kan tel nie.

2. Die afstand na die sterre toe.

Die enigste ster in ons sonnestelsel is ‘die son’. Die son is 150 miljoen kilometer (150 000 000) van die aarde af. Hoe ver is dit? As jy vandag met 'n moderne vliegtuig teen 1000 kilometer per uur kon vlieg na die son toe, sou dit jou nog steeds so 17 jaar neem om die son te bereik.


Die afstande na die sterre in die heelal is so kolossaal dat wetenskaplikes die term ‘ligjare’ gebruik om afstande te meet. Lig is die vinnigste ding wat die mens ken. Lig beweeg teen byna 300 000 kilometers per sekonde. Dit beteken dat lig 7½ keer om die aarde gaan in 1 sekonde. Een ligjaar is die afstand wat lig in een jaar trek, m.a.w. 9.454 biljoen kilometers (9 454 000 000 000) of meer as 1 miljoen jaar vlieg met 'n moderne vliegtuig!

Die maan is 1.33 lig-sekonde weg van die aarde. Die planeet Mars is 5 lig-minute weg van die aarde af. Die son is 8 lig-minute weg. Die planeet Pluto is 5 lig-ure weg. Maar die naaste ster aan ons sonnestelsel is 4.3 lig-jare weg! Met 'n moderne vliegtuig sou dit 4.5 miljoen jaar vat om soontoe te vlieg!

Die Melkweg, waarvan ons deel is, het 'n deursnee van 120 000 lig-jare. Die naaste ander stelsel soos ons Melkweg word die Spiraal Nebula N-1 genoem en bevat ook biljoene sterre en is meer as 'n miljoen ligjare van ons verwyder!

¹ Britse miljoen is 6 nulle, biljoen is 12 nulle, triljoen is 18 nulle. Amerikaanse miljoen is 6 nulle, biljoen is 9 nulle, trijoen is 12 nulle.


Sterrekundiges skat dat die verste afstand wat in die heelal gemeet is 17 duisend miljoen lig-jare is (17 000 000 000), ongeveer 160 duisend miljoen miljoen kilometers. Die mens sal nooit die heelal kan verower nie!



3. Die groottes van die sterre.

Ons planeet, 'aarde', het 'n deursnee van 12 756 kilometers. Die deursnee van die son is 109 maal die van die aarde. Maar daar is sterre met 'n deursnee van 100 keer en selfs 1000 keer die deursnee van die son! Hierdie super groot sterre is so groot dat 'n groot gedeelte van ons sonnestelsel, naamlik die son en die planeete Mercurius, Venus, die aarde en Mars, binne-in een van hulle kan roteer.

As die aarde se deursnee voorgestel kan word as 1 millimeter, sou die son se deursnee dan 11 sentimeter wees en die deursnee van die grootste ster 100 meter!



Ons kan die sterre van die heelal met die sterkste teleskoop bestudeer. Maar WIE kan die grootste dinge in die heelal (sterre) maak? Die Bybel sê dat GOD al die sterre gemaak het. Hy beheer die bewegings van al die sterre en gee selfs vir elke ster 'n naam! As die mens nie eers die getal, afstande en groottes van sterre kan bepaal nie, hoe kan hy die Skepper van die sterre verstaan? Die bestaan van die wonderlike sterre wys na die bestaan en grootheid van die wonderlike GOD.

Aanbidding.

Laat elkeen in die groep met een of twee sinne God as die groot en magtige God aanbid.

| | | |
|---|------------------|------------------------------------|
| 3 | DEEL (20 minute) | [STILTETYE] MATTEUS 8:1 – 11:24 |
|---|------------------|------------------------------------|

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeelte geleer het (Matteus 8:1 – 11:24). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| | | |
|---|----------------------|--|
| 4 | ONDERRIG (70 minute) | [EVANGELIE] BEGRIPPE VAN DIE EVANGELIE – DEEL 1 |
|---|----------------------|--|

As ons die evangelie met mense deel, moet ons die woorde wat ons gebruik, kan verduidelik. Help mense om die begrippe ‘sonde’, ‘dood’ en ‘oordeel’ te kan verstaan, asook ‘waarom Jesus Christus die enigste weg na God die Vader’ is en die betekenis van ‘geloof in Jesus Christus’.


A. DIE BOODSKAP VAN DIE EVANGELIE

Die ‘evangelie’ is die goeie nuus van God se grootste geskenk vir mense. Die boodskap van die evangelie kan op baie manier weergegee word, deur ’n proklamasie of aankondiging, deur sang, deur toneelspel en deur prente of illustrasies (Sien hieronder).

Teken die illustrasie terwyl jy die boodskap van die evangelie vir iemand verduidelik.

Groeplesier. Help die student om die evangelie self te vertel en die illustrasie self te teken.

Die illustrasie bevat net 12 Bybelverse. Oefen om hierdie illustrasie te teken en te verduidelik.



GOD SE SKEPPING VAN DIE MENS

(1) **Genesis 1:27.** In die begin het God die eerste man en vrou as sy beeld geskep. Dit beteken dat hulle God geken het en in ’n liefdesverhouding met God gestaan het. Hulle was sondeloos en het die ewige lewe gehad. God het hulle gehoorsaamheid getoets (Genesis 2:15-17), maar hulle was ongehoorsaam en het nie die toets geslaag nie. Hulle het in sonde geval. Daarom het die Here hulle uit die Paradys (die tuin op die aarde) uitgedryf, sodat hulle nie meer van die boom van die lewe kon eet nie (Genesis 3:24).

DIE MENS VAL IN SONDE

(2) **Jesaja 59:1-2.** Sonde skei die mens van God, maar dit skei ook die heilige God van die sondige mens! Dis waarom God nie na ons gebede luister nie en ons nie red nie. Adam is die verteenwoordiger van al die gevalle menslike wesens. Al Adam se nakomelinge deel in sy sondige natuur en ook in die dood (Romeine 5:12, 17-19).

(3) **Romeine 3:23.** “Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (AOV)

(4) **Romeine 6:23a.** “Die loon van die sonde is die dood” (AOV). Alle mense is nou onder die wet van die sonde en die dood (Romeine 8:2-3); hulle is onder God se toorn (Romeine 1:18); hulle is heeltemal verlore en oppad na die ewige dood (hel) toe.

DIE MENS SE POGINGS OM HOMSELF TE RED

Mense dink dat hulle hulself kan red. Hulle is daarvan oortuig dat hulle op een van die volgende maniere kan opklim na God toe:

(5) **Galasiërs 3:10-11 of Jakobus 2:10.** Sommige mense meen dat God hulle sal regverdig verklaar (red) as hulle probeer om die wet te hou. MAAR die Bybel sê dat niemand die wet kan hou nie (Romeine 8:7-8)!

(6) **Efesiërs 2:8-9.** Sommige mense meen dat God hulle sal regverdig verklaar (red) as hulle goeie werke doen. Maar die Bybel sê dat geeneen voor God sal kan spog nie. Mense kan alleen gered word deur God se genade en hul geloof in Jesus Christus.

(7) **Johannes 14:6.** Ander mense meen weer dat die beoefening van sekere godsdienstige gebruike hulle sal red. Maar Jesus Christus sê: “Ek is die Weg, en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie”. Geen godsdiens los die probleem van die mens (sonde) op! Sodoende sal God se heiligheid en geregtigheid mense straf met die ewige dood tensy hulle deur Jesus Christus gered word.

GOD SE INISIATIEF OM DIE MENSE TE RED

(8) **Romeine 5:8.** God se liefde is die enigste moontlike manier van verlossing. Sonder om sy Goddelike natuur prys te gee, het God die menslike natuur daarby aangeneem en ’n mens geword in Jesus Christus. Hy het in sy skepping en in die menslike geskiedenis ingekom en onder verlore mense

geleef en uiteindelik in hulle plek vir hulle sondes gesterf (Johannes 1:1,14,18; Filippense 2:5-8). Sy liefde gee Homself aan die kruis as 'n volmaakte offer om versoening te doen.

(9) **1 Petrus 2:24.** Deur aan die kruis te sterwe, het Jesus Christus God se heilige en regverdige toorn teen ons sonde verwyder deur dit Self te dra.

(10) **1 Peter 3:18.** Deur aan die kruis te sterwe, het Jesus Christus die gevolge van ons sondes verwyder en ons met God versoen. Jesus Christus is die 'brug' of pad terug na God toe.

CHRISTUS SE UITNODIGING EN DIE MENS MOET DIE KEUSE MAAK

(11) **Mattews 11:28-30.** Jesus sê: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee".

Dit is die mens se verantwoordelikheid om hierop te reageer.

DIE PROBLEEM (SONDE) EN DIE GEVOLGE (SKEIDING) IS PERMANENT WEGGENEEM

(12) **Johannes 5:24.** Jesus sê: "Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan." Daar is twee voorwaardes en drie gevolge. Elke persoon wat die evangelie hoor moet 'n persoonlike keuse maak of besluit neem: om te glo in die God wat Homself geopenbaar het in Jesus Christus of om onafhanklik van Christus te bly en voort te gaan na die ewige dood toe (2 Tessalonisense 1:8-9). Vir elke gelowige is daar drie gevolge: hy kry onmiddellik die ewige lewe; hy sal nooit veroordeel (veroordeel) word tot die hel nie; en hy het reeds van die pad na die ewige dood oorgegaan na die pad van die ewige lewe. Jesus belowe dat niemand hom uit sy hand kan ruk nie (Johannes 10:28)!

SAMEVATTENDE BOODSKAP


Johannes 3:16. Die Bybel kom tot die slotsom: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."

B. DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD 'SONDE' IN DIE BYBEL

Die evangelie sê: "Almal het *gesondig*, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie" (Romeine 3:23).

Onderrig. Psalm 51:1-5 gebruik *in die oorspronklike taal* drie woorde vir 'sonde': oortredings (Hebreeus: pesha), ongeregtheid (Hebreeus: awon) en sonde (Hebreeus: chata'at).

1. Die betekenis van die woord 'sonde'.



(1) 'Sonde' beteken om God se doel vir jou lewe te mis.


Die doel van die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is dat alle mense op aarde die reg het om gemeenskap met God te hê. Gevolglik sal hulle ook die korrekte verhouding met ander mense hê en die dinge doen wat reg is in God se oë. 'n 'Sondaar' is iemand wat God se doel vir sy lewe mis, naamlik die regte verhouding met God en daarmee saam ook die regte verhouding met ander mense!

(2) 'Sonde' beteken ook dat die volmaakte standaard van God nie behaal word nie.

Die volmaakte standaard van GOD vir 'n regte lewe en regte dade is Jesus Christus en ay onderrig in die Bybel. Dit maak nie saak watter taal jy praat of watter godsdiens jy beoefen nie, jou lewe en dade word aan hierdie volmaakte standaard van God gemeet.

Maar omdat geen enkel mens op die aarde hierdie standaard haal nie, is hulle almal verlore. Alle mense het die Verlosser nodig. Selfs die mense wat voorbeeldige lewens lei en baie goeie dade doen, kom nog steeds nie by God se volmaakte standaard uit nie (Romeine 3:10-12, 23). Niemand kwalifiseer nie! Niemand sal deur sy godsdiens gered word nie, nog deur die wet te hou, nog deur goeie werke te doen nie. Niemand is goed genoeg nie! Sonde beteken eenvoudig nie 'om een of ander misdaad te pleeg nie'. Dit beteken nie dat jy 'sleg' is nie. Dit beteken dat jy selfs as 'n goeie mens God se doel vir jou lewe mis. Dit beteken dat jy in God se oë nog onvolmaak is!

2. Die betekenis van die woord 'oortreding'.




(1) 'Oortreding' beteken om die grense en perke wat God gestel het, te oorskry.

Die grense en perke vir die mens se lewe en dae is bekend gemaak in die bevel, verbodsbepalings en onderrig van God wat Homself in die Bybel geopenbaar het. Omdat alle mense een of ander tyd doen wat God verbied of nalaat te doen wat God gebied, word hulle 'oortreders' genoem. Oortreding is dus nie net 'n oortreding van die wette van godsdienstige leiers (profete of leraars van bepaalde godsdienste²) nie, maar oortreding van die wette en grense van die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het.

(2) 'Oortreding' beteken ook om opsetlik teen GOD te rebelleer.

Reeds in die Ou Testament het mense gerebelleer teen die God van die Bybel en het gedoen wat reg is in hulle eie oë (Rigters 21:25). Vandag versprei mense doelbewus leuens oor die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het. Hulle verwerp uitdagend die boodskap van God in die Bybel. Hulle vertrap die morele waardes, wysheid en karakter van die God wat Hom in die Bybel openbaar. Hulle stook rebellie op aarde en propageer korrupsie en perversie. Hulle verhard hulleself teen die God van die Bybel. Dit is rebellie. Oortreding en rebellie is sigbare kwaaddoenery.

3. Die betekenis van die woord 'ongeregtigheid'.




(1) 'Ongeregtigheid' beteken om die werklikheid, soos God dit sien, subtiel te verdraai.

Elke mens het 'n wêreldbeskouing. Die wêreldbeskouing word uitgedruk in die uitkyk op die bestaan en werklikheid, in geloofsoortuiginge, in houdings, in waardes, asook in die kultuur en instellings. Die God van die Bybel het die korrekte wêreldbeskouing geopenbaar in Jesus Christus en in die Bybel. Hierdie wêreldbeskouing kan 'die koninkryk van God kultuur' genoem word! In die koninkryk van God is daar 'n groot verskeidenheid van vorme, maar hierdie vorms moet die menings (en sienings) van Christus en die Bybel weergee! Die God van die Bybel wil hê dat alle mense hierdie koninkryk van God kultuur moet ken, glo en daarvolgens lewe. Maar, as mense hulle eie wêreldbeskouing opbou, hulle eie dinge glo en hulle eie waardes skep, dan verander hulle die werklikheid soos God dit wil hê. Dit is ongeregtigheid.

(2) 'Ongeregtigheid' beteken ook om die waarheid van God soos geopenbaar in die Bybel te verdraai of skeef voor te stel.

God het die waarheid duidelik in die Bybel geopenbaar. Tog lê mense die waarheid van die Bybel doelbewus verkeerd uit (Jesaja 5:20). Sommige mense laat die Bybel sê wat hulle graag wil hê wat die Bybel moet sê (2 Korintiërs 2:17: 4:2), terwyl ander mense sekere waarhede in die Bybel wat hulle moes oorweeg, verontagsaam (Matteus 15:6-9; Openbaring 22:18-19). Gevolglik is daar baie valse profete. Baie mense word mislei deur hierdie valse profete (Matteus 24:11). Dit is ongeregtigheid. 'Ongeregtigheid' is dikwels 'n meer subtiel en skelm manier om verkeerde dinge te doen dan 'oortreding', wat 'n openlike kwaaddoenery of opstand is. 'Ongeregtigheid' is verkeerde dae wat weggesteek of gekamoefleer word, dikwels onder die dekmantel van godsdienste.

4. Samevatting. Die 'wortel' en die 'vrug' van sonde.



² Byvoorbeeld die Tora of Sharia.

(1) Die wortel van sonde is mensgesentreerdheid, selfgenoegsaamheid of onafhanklikheid van GOD.

Die wortel van sonde is 'n gebroke verhouding met die God wat Homself geopenbaar het in die Bybel. Die wortel van sonde is om jou eie doele en standarde te hê sonder God. Dit is om volgens jou eie reëls te lewe, wat dikwels buite die perke wat God stel, gaan. Dit is om sonder enige grense te lewe. Dit is om jou eie wêreldbeeld te skep en dít te glo sonder die GOD van die Bybel in aanmerking te neem. Hoewel 'n persoon mag dink dat hy niks verkeerd doen nie en dat hy net goeie dade doen, bly hy in God se oë 'n sondaar, omdat hy los van die God van die Bybel lewe. Die wortel van sonde is om te wees en te doen 'n persoon self wil wees en wil doen in plaas van om te wees en te doen wat God wil hê dat hy moet wees en moet doen. Die wortel van sonde is mensgesentreerdheid of onafhanklikheid van die God wat Homself in die Bybel openbaar het.

(2) Die vrug van sonde is doen wat verkeerd is en nie doen nie wat reg is.

Die vrug van sonde groei uit die wortel van sonde. Die vrug van sonde is om te doen wat God verbied het en om nie te doen wat God gebied. Die lyste van sondes of dinge wat God *verbied het* kan gelees word in Markus 7:20-23; Romeine 1:28-32; Galasiërs 5:19-21; Titus 3:3 en Openbaring 21:8. Dinge wat God *beveel het* word gevind in Johannes 13:34-35; Lukas 6:27-28; Kolossense 3:18 – 4:1; Hebreërs 3:12-13; 12:14-17; Jakobus 1:27; 1 Petrus 2:11-12.

C. DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD 'DOOD' IN DIE BYBEL

Die evangelie sê, “Die loon wat die sonde gee is die *dood*” (Romeine 6:23).

Die woord ‘dood’ in die Bybel het drie betekenisse: 'n geestelike, liggaamlike en ewige betekenis.

1. Geestelike dood.

Wat is die betekenis van geestelike dood?

Lees Johannes 8:24; Efesiërs 2:1-3.

Aantekeninge. ‘Geestelike dood’ is *die toestand waarin die gees (of die siel) van die mens dood is*. Geestelike dood beteken dat 'n mens geskei is van die lewe van die Een en Enigste Ware en Lewende GOD wat Homself in die Bybel geopenbaar het. Dit beteken dat hierdie mens nog nie “lewend gemaak” (weergebore) is nie (Efesiërs 2:5). Elke mens is 'n ‘lewendige siel’ (Genesis 2:7 AOV) wat bestaan uit 'n *sigbare liggaam* en 'n *onsigbare gees*. Een van die funksies van die menslike gees is die vermoë om die Een en Enigste Ware en Lewende God te ken en met Hom *gemeenskap te hê*.

So lank as wat mense nie weergebore is deur die Heilige Gees nie, is hulle geestelik dood. Sulke mense dink dat God nie bestaan nie of as hulle glo dat God bestaan, glo hulle dat Hy te hoog en te ver weg is. Hulle ken God dus nie persoonlik en vertroulik nie en hulle het nie gemeenskap met God nie. Maar wanneer hulle die evangelie hoor en glo, m.a.w. wanneer hulle Jesus Christus in hulle harte en lewens ontvang, dan kom die Heilige Gees (die Gees van God) in hulle lewe (Efesiërs 1:13; Romeine 8:9-10). Dan maak die Heilige Gees hulle menslike gees lewendig, sodat hulle God persoonlik kan ken en gemeenskap met God kan hê.

2. Liggaamlike dood.

Wat is die betekenis van liggaamlike dood?

Lees Psalm 49:10,17 (Prediker 9:5-6,10; 12:7).

Aantekeninge. Liggaamlike dood is *die toestand waarin die liggaam van die mens dood is (sterf)*. Liggaamlike dood is wanneer die menslike gees geskei word van die menslike liggaam en wanneer die mens geskei word van die lewe op aarde. Dan word hy ook van sy geliefde familie en vriende geskei en ook van sy besittings en van alles wat hy op de aarde bereik het, geskei. As 'n mens sterf, vergaan sy liggaam tot stof in die graf. Hy kan nie meer na hierdie aarde terugkeer nie en ook nooit meer 'n deel hê aan enigiets wat op hierdie aarde gebeur nie.

3. Ewige dood.

Wat is die betekenis van die ewige dood?

Lees Openbaring 21:8 (Lukas 16:22-23; Matteus 10:28; 25:46; Openbaring 20:14-15; 2 Tessaloniërs 1:8-9).

Aantekeninge. Voor die laaste oordeelsdag is die ewige dood die ewige lyding van die gees (of siel) van ongelowiges in die hel. Ná die laaste oordeelsdag is die ewige dood die ewige lyding (straf) van die gees (of siel) en die liggaam van die ongelowiges in die hel. Die ewige dood is die ewige skeiding van die teenwoordigheid en sorg van God.

D. DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD 'OORDEEL' IN DIE BYBEL

Die evangelie sê, “Wie nie glo nie is reeds *veroordeel* omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie” (Johannes 3:18) en “'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die *oordeel*” (Hebreërs 9:27).

Oordeel in die Bybel verwys na twee duidelike soorte oordele, naamlik, die huidige tydelike oordele van God en die toekomstige finale of laaste oordeel van God. Die huidige tydelike oordele van God werk op twee maniere: God laat sy tydelike oordele oor mense kom en soms bring God sy tydelike oordele oor mense.

1. Die huidige tydelike oordele van God.

(1) Hoekom *laat* God sekere vorms van straf vandag *toe*?

Lees Galasiërs 6:7-8 (Romeine 1:28-32).

Aantekeninge. Omdat God die aarde en sy mense geskep het, het Hy die reg om te bepaal hoe hulle moet leef. God het in die skepping sekere natuurwette ingebou, bv., as jy die wet van swaartekrag oortree, kan jy lelik val. Net so het God geestelike en morele wette in die skepping ingebou. Elke keer as mense God se geestelike en morele wette oortree, laat God toe dat hulle onder die gevolge van hulle eie sondes ly. “Hulle maai wat hulle gesaai het”. Die mens wat sondig, oes oordeel. Byvoorbeeld, die mens wat lui is, oes armoede. Die mens wat haat saai, sal gebroke verhoudings oes. Die mens wat geweld saai, sal oorloë oes. Die mens wat dwelms saai, sal verslawing oes.

Romeine 1:18-32 leer dat goddeloosheid lei tot morele korrupsie en elke vorm van kwaad. In baie gevalle gebeur dit dat die gevolge van 'n persoon se sonde hom nog in hierdie lewe op aarde inhaal. Lyding is dikwels die natuurlike gevolg van 'n persoon se eie leuenagtige opvattinge, swak keuses, slegte besluite en korrupte dade.

(2) Hoekom *laat* God sekere vorms van oordeel oor die wêreld *kom*?

Lees Esegijl 14:21 (Levitikus 26:14-25; Amos 4:6-12; Haggai 1:3-11; Matteus 24:4-14; Openbaring 9:20-21; 16:9).

Aantekeninge. God regeer oor die hele wêreld. Hy beheer al die natuurkragte en al die gebeure in die geskiedenis van die mens. Wanneer mense ongehoorsaam is aan die Lewende God of wanneer hulle hul rug op God draai, onttrek God sy sorg en beskerming van hulle en bring Hy sy huidige tydelike oordele oor hulle. Byvoorbeeld, hulle oeste misluk, oorloë skeur hulle land uitmekaar, hulle lei groot verliese en daar is nie meer enige bevrediging vir die mense in enigiets nie, ens. God het deur die geskiedenis van die mens allerhande soorte natuurlike rampe soos aardbewings, vloede, droogtes, hongersnood en epidemies gebruik om die mensdom te wys dat Hy ontevrede is met hulle sondes en ook om hulle te waarsku om hulle te bekeer en terug te draai na Hom toe.

(3) Wat is die werklike *rede* dat God hierdie huidige tydelike oordele oor mense bring?

Lees 1 Korintiërs 11:32 (Romeine 1:18; Hebreërs 12:4-11). “Nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie.”

Aantekeninge. God bring sy huidige tydelike oordele oor mense sodat Hy hulle kan *beskerm* teen sy toekomstige ewige oordeel! Die doel van sy huidige tydelike oordele is om mense te *waarsku*, om hulle sondes *aan die lig te bring* en om hulle te *bestraf* vir hulle sondes. God se doel is altyd om *nou* te doen wat die beste vir mense is! As mense sou toegelaat word om voort te gaan met hulle huidige sondes, sou dit daartoe lei dat hulle uiteindelik verslaaf raak aan sondes en gevolglik lei tot die ewige straf van God vir hulle sondes. Die doel van God se huidige tydelike oordele is om mense te laat wegdraai van hulle goddeloosheid en ongeregtigheid en in die plek daarvan te deel in God se heiligheid en geregtigheid!

2. Die toekomstige ewige oordeel van God.

(1) As jy kyk na die leefstyl van godvresende en goddelose mense op die aarde, sou jy dan die lewe beskryf as regverdig of onregverdig?

Lees Prediker 12:14 (Psalm 73:2-16).

Aantekeninge. Die lewe is duidelik onregverdig! Die goeie mense ly, die onselfsugtige mense word uitgebuit, die sagmoedige mense word geterroriseer en arm mense word besteel. Aan die anderkant, floreer die slegte mense. Selfsugtige mense maak 'n fortuin, wrede mense onderdruk sagmoediges en ryk mense laat die armes nog armer word. Tiranne sterf vreedsaam in hulle beddens, terwyl heilige mense tot die dood toe gemartel word.

As ons dan veronderstel dat daar 'n almagtige en goeie God is, hoe is dit moontlik dat Hy die onreg toelaat? As Hy in hierdie lewe of later na hierdie lewe niks aan die onreg in die wêreld doen om hierdie onreg weer reg te stel nie, dan is Hy nie almagtig nie en kan Hy nie iets daaraan doen nie! Of Hy is glad nie so goed nie en gee daarom nie om nie!

MAAR, die Bybel leer baie duidelik dat die Lewende God almagtig en goed is. Hy sal sorg dat reg op kosmiese vlak gebeur. Alle mense wat al ooit op aarde geleef het, sal by die toekomstige finale oordeel teenwoordig wees!

(2) Hoe sal God se toekomstige oordeel lyk?

Lees Hebreërs 9:27 (Matteus 25:31-33).

Leer. Die Bybel leer: DIE LIGGAAMLIKE DOOD IS NIE DIE EINDE NIE! Ná die liggaamlike dood, is daar 'n veel ernstiger en groter lyding vir mense!

Jesus Christus sal terugkom na hierdie aarde toe. Alle mense wat ooit op aarde gelewe het, sal geoordeel word. Hy sal elke daad en elke verborge ding oordeel (Prediker 12:14). Hy sal almal wat ander mense in sonde laat val en almal wat die wet van God oortree uit sy koninkryk verwyder (Matteus 13:41). Hy sal die wat nie in Hom glo nie skei van die wat wél in Hom glo en Hy sal hulle oordeel op grond van hulle verhouding met Jesus Christus (Matteus 25:12) en op grond van hulle dade (Romeine 2:6). Die mense wat nie in Jesus Christus glo as hulle Verlosser en Here nie, sal op grond van hulle kennis van God se wette (Romeine 2:10-16), hulle ongelooft (Johannes 3:18-21, 36), hulle tekortkomings (Matteus 25:41-46), hulle bose dade (Openbaring 21:8), hulle vertrapping van Jesus onder hulle voete en hulle belediging van die Gees van genade (Hebreërs 10:26-31) geoordeel word. Elkeen wat die boodskap van die evangelie van Jesus Christus verwerp, sal gestraf word vir hulle ongehoorsaamheid (2 Tessaloniërs 1:8).

Desnieteenstaande, sal God elke mens heeltemal regverdig oordeel (Lukas 12:47-48). Hy sal die armes van gees (wat weet hoe afhanklik hulle van God is) en mense wat onder verdrukking en vervolging gelei het, seën (Matteus 5:3-12). Maar Hy sal die hebsugtige ryk mense met leë hande wegstuur en die moordenaars van onskuldige mense wat geen

teenstand bied nie, afslag (Jakobus 5:1-6). Hy sal die hele wêreld oordeel en elkeen wat daarop lewe vir al die goddeloosheid wat hulle op aarde gedoen het! Hy sal 'n einde maak aan alle arrogansie en hoogmoed van mense (Jesaja 13:11). Hy sal ook die magtige regeerders van die aarde van hulle trone afstoot (Daniël 2:44; 1 Korintiërs 15:25).

Die plek van ewige verderf word die 'die poel van vuur en swael' of 'hel' genoem. Die woord 'verderf' beteken nie om mense uit te wis nie, maar om mense te straf. Die hel is nie 'n plek van vernietiging nie, maar 'n plek van foltering (Lukas 16:23-26). Dis 'n plek van onblusbare vuur, 'n geween, van verskriklike pyn en rasende woede sonder einde (Markus 9:42-49). Dis 'n plek waaruit niemand kan kom nie (Lukas 16:26). Die godlose mens sal gestraf word met ewigdurende verderf en uitgesluit word van die teenwoordigheid, liefde en sorg van God (2 Tessalonisense 1:8-9). Elkeen wie se naam nie in die boek van die lewe is nie, sal in die vuurpoel gegooi word (Openbaring 20:15).

Christene sal nie veroordeel word tot ewige straf nie (Johannes 5:24, 29), maar hulle sal geoordeel word oor hoe hulle as Christene op aarde gelewe het (2 Korintiërs 5:10; 1 Korintiërs 3:10-15).

| | | |
|---|------------------|---|
| 5 | GEBED (8 minute) | [REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD |
|---|------------------|---|

Bid saam met mekaar in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kortliks (in één of twee sinne) reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

| | | |
|---|--------------------------|--|
| 6 | VOORBEREIDING (2 minute) | [OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS |
|---|--------------------------|--|

Deel 'n strokie papier met die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Oefen om die evangelie aan ander mense te verduidelik.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Matteüs 11:25 – 14:36. Maak gebruik van die vroeë metode vir stiltetyd en maak kort aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Genesis 1:1 – 2:4a. Tema: Waar kom ek vandaan? Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om die evangelie aan mense te verduidelik.